

DIE FEES BY DIE UITGANG VAN DIE JAAR

Ex 23:15-16 Die Fees van die Ongesuurde Brode moet jy hou ... en verder die fees van die oes, van die eersteling van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling, as jy jou werk uit die land insamel, aan die einde (“yatsah”) van die jaar (meer korrek: by die uitgang van die jaar – kan ook vertaal word met: die fees by die [groot] inbring of insameling van die jaar). Wat word presies met hierdie woord “yatsah” aangedui? Ons kan nie heeltemal seker wees nie, maar reg deur die Skrif is hierdie ‘n woord met ‘n uiters belangrike en kragtige betekenis.

Ps 105:43 En Hy het sy volk laat uitgaan (“yatsah”) met vreugde, sy uitverkorenes met gejubel. (Eng: He brought out his people with joy).

Jes 11:1 Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit (“yatsah”) die stomp van Yieshai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. (Eng: A Rod shall come forth from the stump of Yishai).

Jes 42:1 Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring (“yatsah”). (Eng: He brings forth right-ruling to the nations).

Jes 48:3 Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit my mond het dit uitgegaan (“yatsah”), en Ek het dit laat hoor; skielik het Ek dit vervul, en dit het gekom. (Eng: I have declared the former events from the beginning, and they went forth from My mouth).

Jes 48:20 Gaan weg (“yatsah”) uit Bavel, vlug weg van die Kasdiem! Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: Yahweh het sy kneg Yaákov verlos. (Eng: Come out of Bavel ...)

Jes 49:8-9 So sê Yahweh ... Ek gee U as 'n verbond van die volk, om die land weer op te rig ... om aan die gevangenes te sê: Gaan uit! (“yatsah”) en aan hulle wat in duisternis is: Kom uit! (Eng: To say to the prisoners, ‘Go out,’ to those who are in darkness, ‘Show yourselves).

Eseg 16:14 Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan (“yatsah”) onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur my versiersels wat Ek op jou aangebring het, sê Yahweh. (Eng: And your name went out among the nations because of your loveliness ...).

Joél 3:18 En op daardie dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk ... en uit die huis van Yahweh sal daar 'n fontein uitkom (“yatsah”) om die dal Shiettiem te besproei. (Eng: A fountain will flow from the House of Yahweh and water the valley of Shittim).

Mic 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohiem van Yaákov, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Tsiyon sal die Torah uitgaan (“yatsah”) en die woord van Yahweh uit Yerushalayië. (Eng: For out of Tsiyon comes forth the Torah, and the word of Yahweh from Yerushalayim).

Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek (“yatsah”) en huppel soos kalwers uit die stal. (Eng: And you shall go out and leap for joy like calves from the stall).

Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die oprings van die land insamel, moet julle die fees van Yahweh sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit 'n rusdag. Num 29:12 En op die vyftiende dag van die sewende maand moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; geen beroepswerk mag julle doen nie, maar julle moet sewe dae lank vir Yahweh 'n fees vier.